sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

## AFDELING A LEESBEGRIP

In hierdie afdeling:

- Word spelling nie gemerk nie
- Taalfoute word nie gepenaliseer nie
- Word Engelse woorde geïgnoreer

### VRAAG 1 INTERNETARTIKEL

1.1 'n Kind wat goed kan doen wat ander kinders nie kan doen nie/die kind is slimmer as ander kinders/die kind is meer gevorderd.

1.2 Modderfontein/Gauteng
*Enige 1*

1.3 Onwaar

Dit moet 'n frase wees:
"saam met die Suid-Afrikaanse toneelskrywer John Kani"

1.4 Om teen terrorisme te baklei/om vir wêreldvrede te staan.
*Enige 1 van die 2*

1.5 Indië – nie Engels: India nie.

1.6 Toe hy ses maande oud was, het hy reeds in volsinne begin praat en teen tweejarige ouderdom kon hy wiskunde- en wetenskapprobleme oplos.

1.7 eerste salaris

1.8 A

### VRAAG 2 ADVERTENSIE

2.1 2.1.1 onderwysers

2.1.2 Hulle sal dit gebruik, want hulle kan gratis boeke kry/hulle kry hulle subskripsie verniet/hulle kan boeke wen.

2.2 verniet

2.3 Waar

"Die persoon"

2.4 opgewonde

IEB Copyright © 2022

2.5 **Laerskool**/**Hoërskool** Klasgids Goud 2022
*Enige*

2.6 2.6.1 Dit sê binne 24 uur in die advertensie.

2.6.2 Die persoon moet sê wie hulle van die advertensie/promosie vertel het.
Die persoon moet sê wie die advertensie vir hulle gewys het.

2.7 Die woord "kliek"

**VRAAG 3 SPOTPRENT**

3.1 Sy bene is voor hom uitgestrek/sy voete is op die stoel/sy arms hang langs sy sye.
*Enige 1*

3.2 horlosie

3.3 Sy rug is krom/sy hare op sy rug staan regop/sy hare op sy rug staan in die lug.

3.4 Koerant

3.5 Hy kyk na sy ma/sy kop is na sy ma gedraai/hy spreek sy ma direk aan.
*Enige 1*

3.6 Haar oë is groot/haar wenkbroue is opgetrek (niks oor hande – vraag vra gesigsuitdrukking).

3.7 Hulle kan dit nie doen nie/slegte ondervinding met Wiskunde in die verlede/ sukkel daarmee/hulle oefen nie genoeg nie/dit intimideer hulle.

3.8 Daar is sweet/druppel by sy kop

3.9 C

3.10 Nee, hy sit op die stoel/hy doen niks nie/hy lees die koerant.

IEB Copyright © 2022

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4

**Assessering:**

- Sinne moet van 1 tot 5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- Laat 'n reël oop tussen sinne.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt bevat twee feite. Elke punt tel twee punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde en/of infinitief kan gebruik word om twee feite te verbind.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die leerder 10 uit 10.
- Kandidate mag een of twee sinne per feit neerskryf.
- Sinne mag nie woord vir woord uit die teks aangehaal word nie.
- **Taalfoute word nie gepenaliseer nie.** Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie tensy dit die betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus minus 2½ in totaal.
- Minus 1 as 'n leerder nie die woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as 'n leerder die woordtelling heeltemal verkeerd aandui.
- Minus 1 as leerder minder as 60 woorde of meer as 80 woorde skryf.
- Wanneer 'n instruksie gegee word hoe om elke sin te begin (bv. *Jy moet ...)* en leerders doen dit nie, word hulle as volg gepenaliseer: minus ½ vir 1–2 sinne verkeerd begin en minus 1 vir 3–5 sinne verkeerd begin.
- Tel *'n* en *die* as deel van die woordtelling.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

1. Mev. Maikeco wil 'n hoenderburger sonder tamaties en 'n dieet kola hê.
2. Mev. Reddy wil die salmslaai met water met baie ys in hê.
3. Mnr. Brown wil gaar biefstuk met swart koffie hê.
4. Me. Thusi wil tuna met gestoomde groente en suikerlose ystee hê.
5. Mnr. Oliphant wil die Thai groentekerrie sonder grondboontjies en 'n wit druiwesap hê.

IEB Copyright © 2022

## AFDELING C POËSIE

- Spelling van letterkundige terminologie moet so akkuraat as moontlik wees.
- Engelse woorde word nie aanvaar nie.
- Taalfoute word nie gepenaliseer nie.

### VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

5.1 gehoor/**visie**

5.2 geen vaste rymskema/versreëls is nie dieselfde lengte nie/geen vaste strofebou/geen hoofletters/geen leestekens.
*Enige 2*

5.3 "herhaal" "weer"

5.4 By die skool

5.5 5.5.1 Die skooluniform is vuil/sweterig na 'n dag van by die skool wees.

5.5.2 Die dogter kan nie die gevoel van ongelukkigheid/swaarmoedigheid afskud nie.

5.6 C – vreugde

5.7 "want vir die eerste keer"

5.8 Sy betree 'n nuwe fase/seisoen in haar lewe. Haar verhouding met haar pa gaan verander, want sy word groot/die lewe gaan altyd uitdagings/probleme hê.

### VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

6.1 6.1.1 inversie

6.1.2 Dit beklemtoon dat die spreker dapper/braaf is.
*Enige 1*

6.2 "vorentoe"

6.3 metafoor

6.4 Die spreker voel vasgevang/hy kan nie uitkom nie.

6.5 het jy al weer/ek het mos gesê/wat het jy gedoen.
*Enige 1*

IEB Copyright © 2022 

6.6 Dit is iemand wat op 'n tou HOOG BO die grond BALANSEER.

6.7 A

6.8 optimisties

6.9 Die leser voel jammer vir die spreker/dit skep 'n gevoel van simpatie.

## VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

7.1 In die aand/as dit donker is

7.2 B

7.3 7.3.1 Alleenplasing

7.3.2 Dit beklemtoon dat die spreker baie lief vir Afrika is/dit beklemtoon dat die gedig oor Afrika gaan.

7.4 Daar word direk met Afrika gepraat.

7.5 As dit droog is/voor die reën

7.6 <u>W</u>at <u>w</u>yd kan dans
lenig en <u>s</u>oepel <u>s</u>kater

7.7 tersine

7.8 'n Man met 'n baard.

7.9 Ja/nee en 'n gepaste rede. (Die punt word vir die rede toegeken)

Byvoorbeeld:
Ja, ek hou ook van die reuk van lemoene.
Nee, ek dink die stede in Europa is mooier as Afrika.

IEB Copyright © 2022

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

- In hierdie afdeling moet die taalreëls akkuraat toegepas word.
- Kandidate word vir taalfoute gepenaliseer.
- Geen halfpunte word in vraag 8 toegeken nie.
- Spelling tel in vraag 9.

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 Die pen waarmee die onderwyser skryf, is rooi.

8.2 Die seun sê dat hy met die onderwyser moet praat.

8.3 Haar hand word deur die meisie in die lug gehou om iets vir die onderwyser te vra.

8.4 Vandag trek die onderwyser professionele klere aan.

8.5 Die onderwyser draai sy kop om na die meisie te kyk.

8.6 Nadat die meisie voor in die klas gaan staan het, wil sy met die onderwyser praat/wou sy met die onderwyser praat.

8.7 Vroeër het die seun van sy skoolwerk vergeet toe hy sy vriende gesien het.

8.8 Nee, ek het nog nooit so 'n goeie onderwyser gehad nie.

8.9 Volgende week sal die onderwyser baie boeke in sy skooltas hê.

8.10 Laas keer het die seun sy hand opgesteek om 'n vraag te vra.

8.11 Die seun het gou die onderwyser in die klas gestop.

8.12 Die onderwyser het baie werk dus is dit amper die einde van die termyn.

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

9.1 herfs
9.2 vroeër
9.3 halfses
9.4 kouer
9.5 gelede
9.6 vir
9.7 plekkie
9.8 definitief
9.9 keuse
9.10 veilig
9.11 babas
9.12 konsentreer
9.13 gebraaide
9.14 hulle
9.15 daarvoor
9.16 smoorkwaad

IEB Copyright © 2022

**VRAAG 10 KOMMUNIKASIE**

- 2 × ½ = inhoud; 2 × ½ = taal
- Daar sal vetgedrukte woorde by elke vraag wees.
- Leerders moet die vetgedrukte woorde in 'n reaksie/gevoel omskryf. *Vetgedrukte woorde mag nie in antwoord gebruik word nie.*
- Spelling word nie gepenaliseer nie, tensy betekenisverandering plaasvind.
- By elke sin moet 'n akkurate woordtelling gegee word.
- Minus ½ per tipe taalfout per vraag (10.1/10.2 ...), tot 'n maksimum van 1 punt per vraag.
- Leerders mag meer as een sin skryf solank hulle by woordtelling hou.
- Indien taal korrek is, maar inhoud verkeerd, kan die leerder nog 'n punt vir taal kry.
- Direkte rede is 'n vereiste, maar geen aanhalingstekens of inleiding word verwag nie.
- Leerders moet by die voorgeskrewe woordtelling hou.
- Indien die woordtelling oorskry word, of te min is, is dit minus 'n halfpunt PER RESPONS. Geen grasie word meer toegelaat nie. Met ander woorde: as die woordtelling 15 tot 20 woorde is, is 21 reeds minus halfpunt, of 14 is ook reeds minus halfpunt.
- Geen ENGELSE woorde sal as korrek aanvaar word nie. Ons hou Engelse woord toe, en lees dit dan so. Meestal beteken dit dan 0 vir INHOUD.

10.1 Meneer ek is baie jammer dat ek laat is. My ma se motor het gaan staan. (16 woorde)

Inhoud = 1
Taal = 1

10.2 Ag nee man! Dit is onaanvaarbaar. Nou kan jy tien keer om die baan hardloop. (15 woorde)

Inhoud = 1
Taal = 1

10.3 Genade maar Meneer is kwaai vandag. Hy kan nie so met ons praat nie. Ek gaan die skoolhoof sê. (19 woorde)

Inhoud = 1
Taal = 1

10.4 Sjoe, my arme kind. Die gevolge van die woorde kan skadelik wees. Probeer om jou nie daaraan te steur nie. (20 woorde)

Inhoud = 1
Taal = 1

10.5 Kom saam met my na die winkelsentrum. Daar kan ons 'n lekker roomys eet om van vandag te vergeet. (19 woorde)

Inhoud = 1
Taal = 1

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022